



Stellenbosch

UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

SCIENCE
EYENZULULWAZI NGEZENDALO
NATUURWETENSKAPPE

BSc Verlengde Kurrikulumprogram - Die Fakulteite van Natuurwetenskappe en Agriwetenskappe

BIng Verlengde Kurrikulumprogram - Die Fakulteit van Ingenieurswese

Stellenbosch Universiteit

2024 Studentegids

Inhoudsopgawe

Inhoudsopgawe.....	1
DIE VERLENGDE KURRIKULUMPROGRAM (VKP).....	2
Die Fakulteite van Natuurwetenskappe en Agriwetenskappe	2
Die Fakulteit van Ingenieurswese	2
EERSTEJAAR-KURRIKULUM VAN DIE VERLENGDE KURRIKULUMPROGRAMME.....	3
DIE VKP-DOSENTE.....	4
ALGEMENE INLIGTING.....	5
Module-inligting.....	5
SUNLEARN.....	6
TEENWOORDIGHEID EN AFWESIGHEID.....	6
ASSESSERINGS.....	7
VEREISTES OM NA HOOFSTROOM-KURRIKULUMPROGRAM TE VORDER.....	7
PROGRAM-SPESIFIEKE INLIGTING.....	8
ONDERSTEUNING EN LEIDING.....	9
Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling.....	9
Student-Mentor Program.....	9
KONTAK ONS.....	9

DIE VERLENGDE KURRIKULUMPROGRAM (VKP)

Die Verlengde Kurrikulumprogramme (VKP) bied alternatiewe toegang tot die breë WTIW-velde (Programme in BSc Biologiese Wetenskappe, BSc Fisiese Wetenskappe, BSc Wiskundige Wetenskappe, BScAgric, BScBosbou, BScBewarEkol, BSc Voedselwetenskappe en B Ing). Die VKP bemagtig studente om akademiese vaardighede en kennis op te bou wat benodig word vir suksesvolle voltooiing van 'n graadprogram. Die addisionele eerste-jaar behels grondslagfasemodules, wat op die grondslagfase-dissiplines se konsepte en inhoude fokus, asook sagte vaardighede vir gevorderde leer.

Indien die VKP roete gevolg word, beteken dit dat die tydsduur van die VKP-studie een jaar langer sal neem as die standaard graadprogram (BSc neem nou 4 jaar, BScAgric en BIng neem nou 5 jaar). Byvoorbeeld, die verloop van 'n standaard 4-jaar graadprogram sal as volg lyk:

2024 = Modules met grondslagfase-inhoud

2025 = 1ste jaar modules

2026 = 2de jaar modules

2027 = 3de jaar modules

2028 = 4de jaar modules

By die voltooiing van hierdie program ontvang studente egter presies dieselfde graad as die studente van die hoofstroom-graadprogramme.

Die Fakulteite van Natuurwetenskappe en Agriwetenskappe

Studente kan toegang kry tot 'n BSc program van hulle keuse (in die Natuurwetenskappe of Agriwetenskappe) via hierdie roete as hulle voldoen aan die minimum toelatingsvereistes van die Universiteit, maar nie die vereiste gemiddelde persentasie (%) vir die NSS (uitgesluit Lewensoriëntering) gekry het nie, **of** indien een simbool laer verkry is in een van die aangewese vakke (Fisiese Wetenskappe of Wiskunde) vir 'n fakulteit se spesifieke programvereistes.

Die Fakulteit van Ingenieurswese

Studente wat aan die toelatingsvereistes vir die 4-jaarprogramme voldoen, maar nie aan die spesifieke keuringskriteria nie; asook studente wat aan die toelatingsvereistes vir die verlengde kurrikulumprogram voldoen, sal vir keuring vir BIng (VKP) oorweeg word.

EERSTEJAAR-KURRIKULUM VAN DIE VERLENGDE KURRIKULUMPROGRAMME

Alle VKP-studente registreer vir Chemie 176, Fisika 176, Wetenskapkommunikasievaardighede 116 en 146, Rekenaarvaardigheid 176 en Universiteitsprakryk 176. Vir Wiskunde, Biologie en Voorbereidende Tegniese Tekeninge, registreer studente volgens die program wat gevolg gaan word:

- BSc Biologiese Wetenskappe, BScAgric, BScBewarEkol, BSc Voedselwetenskappe: Registreer vir Wiskunde 176 en Biologie 146.
- BSc Fisiese Wetenskappe, BSc Wiskundige Wetenskappe, BScBosbou, Interdisiplinêre BSc: Registreer vir Wiskunde 186 en Biologie 146 **of met** toestemming vir Voorbereidende Tegniese Tekeninge 146.
- B Ingenieurswese: Registreer vir Wiskunde 186 en Voorbereidende Tegniese Tekeninge 146.

Module-kode	Voljaar Modules	Kontaksessies per week	Krediete
11479 176	Chemie	3L 3P	32
50040 176	Rekenaarvaardigheid	2L 2T	8
21539 186 of 21547 176	Wiskunde	3L 3T	32
12988 176	Fisika	3L 3T	32
64007 176	Universiteitspraktyk in die Natuurwetenskappe	4L	8
	1^{ste} Semester Modules		
59730 116	Wetenskapkommunikasievaardigheid	3L 3T	12
	2^{de} Semester Modules		
25046 146 of 12202 146	Biologie of Voorbereidende Tegniese Tekeninge	3L 3P	16
59730 146	Wetenskapkommunikasievaardighede	3L	6
	TOTAAL		146

L = Lesing, P = Praktiese periode, T = Tutoriaal

VKP studente moet AL DIE MODULES slaag in hulle eerste VKP jaar (grondslagjaar), dus 146/146 krediete = 1 HEMIS punt, om te mag voortgaan na hulle eerste jaar in hoofstroom.


DIE VKP-DOSENTE

Module	Naam	Titel	Adres op kampus	Tel	Eposadres
Biologie 146 en VKP-Koördineerder	Mouton, M	Dr	Natuurwetenskappe-gebou 2022	808 2717	marnel@sun.ac.za
Chemie 176	Botha, E	Dr	De Beers Gebou DEB 1037	808 2659	bothae@sun.ac.za
Rekenaarvaardigheid 176	Govender, I	Mnr	Natuurwetenskappe-gebou 3017	808 3099	ieg@sun.ac.za
Wiskunde 176	Bothma, K	Dr	Wiskundige Wetenskappe/Industriële Sielkunde-gebou 3003	808 2628	kbothma@sun.ac.za
Wiskunde 186	Bothma, K	Dr	Wiskundige Wetenskappe/Industriële Sielkunde-gebou 3003	808 2628	kbothma @sun.ac.za
Mentor-Koördineerder	Southey, P	Dr	Merensky-gebou 0056	808 3361	southey@sun.ac.za
Fisika 176	Southey, P	Dr	Merensky-gebou 0056	808 3361	southey@sun.ac.za
Voorbereidende Tegniese Tekeninge 146	Ramatsetse, BI	Dr	Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese-gebou M6012	808 4557	ramatsetse@sun.ac.za
Wetenskap-kommunikasievaardigheid 116	Sass, J	Dr	Bosmanstraat 7, Kamer 2002	808 2900	jsass@sun.ac.za
Wetenskap-kommunikasievaardigheid 146	Binneman, A	Dr	Kleine Bosch 106 (Banghoek 44)	808 9731	arne@sun.ac.za
Universiteits praktyk in die Natuurwetenskappe 176	Coetzee, M Du Plessis, A	Mev	Bosmanstr7 2002 V39 1005	808 2811	mcoetzee@sun.ac.za
		Dr	Murraystraat 12, Kantoor 100	808 2598	sadp@sun.ac.za

ALGEMENE INLIGTING

Module-inligting

'n Vaknommer, wat bestaan uit 5 syfers, verteenwoordig alle vakke. Elke module word verteenwoordig deur 'n 3-syfer-modulekode, waarin die jaar van studie, asook die semester waarin die module aangebied word, gekombineer word.



Die modulekode (bv. 146).

Die eerste syfer van die kode: Dui aan of dit 'n 1^{ste}, 2^{de}, 3^{de} of 4^{de} jaar module is

Die tweede syfer van die kode: 1 of 2 of 3 – eerste semester module
4 of 5 of 6 - tweede semester module
7 of 8 – 'n jaarmodule

Die laaste syfer van die kode: Het geen spesifieke betekenis vir studente nie

Voorbeeld: Biologie 146 (16) word gedurende die 2de semester van die eerste jaar aangebied en 'n student verwerf 16 krediete wanneer die module geslaag word. Die doseerlading van Biologie 146 behels drie lesings en drie praktiese periodes (gewoonlik word dit aangebied as een praktikum van ± 2½ ure) per week vir die duur van die module gedurende die 2^{de} semester.

Die volgende afkortings word gebruik om die doseerlading aan te dui:

- L - Lesing van 50 minute elk
- P - Praktiese periode van 50 minute elk
- S - Seminaar van 50 minute elk
- T - Tutoriaal van 50 minute elk

SUNLEARN

- Alle studente het toegang tot module-spesifieke bladsye op SUNLearn. Op hierdie platform sal studente die relevante en baie belangrike inligting en aankondigings ontvang van die betrokke module.
- Studente kan die module se leermateriaal op hierdie platform vind – gewoonlik in 'n weeklikse formaat.
- Kyk gereeld vir enige kommunikasie, nuwe leermateriaal en –aktiwiteite. Maak seker wanneer inhandig datums is vir hierdie leeraktiwiteite en assesserings.
- Dit is u verantwoordelikheid om op datum te wees en ingelig te bly!

TEENWOORDIGHEID EN AFWESIGHEID

Ons doen ons beste om akademiese en nie-akademiese ondersteuning te bied. Studente moet egter self verantwoordelikheid neem en die meeste maak van hierdie jaar, want dit is 'n **eenmalige geleentheid**. Daarom:

- Woon al u klasse by.
- Werk getrou elke dag.
- Hou by sperdatums en maak seker van inhandigingdatums.
- Maak gebruik van die hulp en ondersteuning wat aangebied word.
- Wees asseblief betyds wanneer daar wel in-persoon-klasse in die lesingsale is – klasse begin presies op die uur.

Hou in gedagte dat hierdie program 'n manier is om studente se toewyding en aanvaarding van verantwoordelikheid ten opsigte van sy of haar studies te bepaal. **Indien 'n student een of meer van die modules sou sak, sal hy/sy nie kan aangaan met die hoofstroom-eerstejaarnie.** Toelating tot ander programme in ander fakulteite as Natuurwetenskappe, Agriwetenskappe en Ingenieurswese sal afhang van die ander fakulteit se toelatingsvereistes. Onthou asseblief dat hierdie vereistes streng toegepas word. Dit is ook belangrik om hierdie vereistes met ouers of persone/beursgewers/maatskappye wat verantwoordelik is, of wat jou bystaan, te bespreek.

Indien u ernstige persoonlike of gesondheids-verwante probleme ervaar of as daar ander probleme is wat u meen u studies nadelig kan beïnvloed, is dit baie belangrik dat jy jou probleme bespreek met die Sentrum vir Studentevoorigting en Ontwikkeling (SSVO, kontakinligting volg) en lig asseblief ook jou programkoördineerder in.

Indien u afwesig was, of weet dat u vir 'n tydperk afwesig gaan wees, moet u 'n aansoek vir afwesigheid indien by die Registrateur se kantoor: Me Shivvon Ruiters (shivvon@sun.ac.za) en bespreek die redes met die betrokke dosent so gou moontlik. Indien u as gevolg van siekte afwesig is, moet u aan die reëls, soos uiteengesit in die 2024 Algemene Jaarboek van die Universiteit voldoen. Wat die siekte ookal mag wees of wat die rede vir die student se afwesigheid is, u sal nie vrygestel word van enige van die sperdatums nie. Indien u by die reëls, rakende die afwesigheid van klasse hou, sal u altyd die geleentheid gebied word om werk in te haal.

ASSESSERINGS

Dit is baie belangrik dat u bewus sal wees van die US se assesseringsbeleid. Aan die begin van elke module sal die dosent die studente inlig oor hoe die module geassesseer gaan word. Verdere besonderhede aangaande assessering word gewoonlik in die Moduleraamwerk van elke module gegee. Om te kan slaag, moet u 'n finale punt van 50% of meer vir elke individuele module behaal.

VEREISTES OM NA HOOFSTROOM-KURRIKULUMPROGRAM TE VORDER

- Studente **moet alle modules** van hulle grondslagfase-eerstejaar **slaag**. Dit is nie moontlik om die grondslagfase-eerstejaar te herhaal nie.
- Die vordering van elke student sal aan die einde van die 1ste semester oorweeg word. Studente wat nie kon wys dat hulle aan die voortgang-vereistes van die einde van die jaar sal kan voldoen nie, gebaseer op die dosente se uitgebreide ondervinding met vorige jare se studente, sal aangeraai word om eerder hulle studies in die verlengde kurrikulumprogram in die middel van die jaar te staak. Studente sal aangeraai word om eerder aansoek te doen vir ander studieprogramme vir die volgende jaar.
- Alle modules volg die **buigsame assesserings-model van SU**. Alle werk word geassesseer deur toetse en werk wat regdeur die jaar gedoen word. Dus is daar ook geen formele tweede toets geleentheid nie.
- Jy kan geen van die grondslagfase-modules herhaal, wat jy hierdie jaar sou sak nie (Wisk 176 en Wisk 186, Fisika 176, Chemie 176, Biologie 146 of Voorbereidende Tegniese Tekeninge 146). Hierdie reël verskil van die reëls wat van toepassing is op hoofstroommodules. Wat "ander studente" jou mag vertel of wat in die Algemene Jaarboek staan oor krediete wat jy benodig om met jou studies te kan voortgaan of oor die herhaling van modules, is nie op die verlengde kurrikulumprogramme se eerstejaar

van toepassing nie. Die reëls en regulasies, soos in hierdie gids uiteengesit, **sal van toepassing wees**.

- Indien 'n student al sy/haar modules aan die einde van hierdie jaar slaag, kan die student aangaan met sy/haar studies in 2025 (Ingenieurstudente moet aan verdere kriteria voldoen, soos wat onderstaande verduidelik word).
- Indien 'n student nie al sy/haar modules geslaag het nie sal die student se finale punte en die student se algemene toewyding deur die jaar, in ag geneem word. 'n Komitee, onder voorsitterskap van die vise-dekane van die fakulteite, sal elke student se situasie aan die einde van die jaar deeglik evalueer en aanbevelings maak rakende die student se verdere studies.
- Indien u nie toegelaat sou word om u studies as 'n verlengde kurrikulumprogram-student voort te sit nie, sou dit moontlik wees om aansoek te doen vir ander programme by die Universiteit waar u:
 - met u **Graad 12 punte** moet kwalifiseer,
 - **En**, as u voldoende **Hemis-krediete** verwerf het. Dit beteken dat u teen die einde van die jaar by 'n ander fakulteit aansoek moet doen en u aansoek sal oorweeg word volgens die fakulteit se spesifieke toelatingsbeleid. Daar is ongelukkig geen versekering dat 'n ander fakulteit u tot 'n program sal toelaat nie.

PROGRAM-SPEKIFIEKE INLIGTING

- **Ingenieurstudente** moet die volgende finale punte behaal om toegelaat te word om met ingenieurswese te kan aangaan:
 - Slaag alle modules (finale punt $\geq 50\%$)
 - 'n Minimum geweegde gemiddelde van 65%
 - Geen krediete word van die 1^{ste} jaar (fondasie) na die 2^{de} jaar (1^{ste} jaar hoofstroommodules) oorgedra nie
- **Natuurwetenskappe**
 - Wiskundige Wetenskappe en Fisiese Wetenskappe programme – a minimum van 60% geweegde gemiddelde word vereis
 - Slaag al die modules (finale punt $\geq 50\%$)
 - Rekenaarvaardigheid 176 en Wetenskapkommunikasievaardigheid 116 & 146 is hoofstroommodules en indien jy hierdie modules slaag, word jy vrygestel van Wetenskap in Konteks 178
- **Agriwetenskappe**

- Slaag al die modules (finale punt $\geq 50\%$)
- Rekenaarvaardigheid 176 is 'n hoofstroommodule; indien jy dit slaag word jy vrygestel van Rekenaarvaardigheid 171

ONDERSTEUNING EN LEIDING

Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling

(<http://www.sun.ac.za/english/learning-teaching/student-affairs/cscd/overview>)

'n Opvoedkundige sielkundige is spesifiek toegewys om ons VKP-studente te ondersteun, Me. Liezl Klopper. Ons het ook 'n gereistreerde berader, Me. Lauren Schilder. Indien u hulp of raad benodig, maak asseblief 'n afspraak by studysuccess@sun.ac.za en dui aan dat u 'n VKP student is om voorkeur te geniet.

Student-Mentor Program

Die Universiteit wil graag die akademiese en nie-akademiese behoeftes van studente, wat voel dat hulle ekstra ondersteuning nodig het, aanspreek. Geselekteerde senior studente word opgelei om die rol van mentors te vervul. Mentors het 'n tweeledige funksie:

- Hulle bied akademiese bystand vir eerstejaars.
- Hulle bied nie-akademiese bystand vir eerstejaars wat voel dat hulle ondersteuning nodig het wat sosiale, emosionele, finansiële en sosio-kulturele sake betref.

Dit is regtig belangrik dat enige probleem wat jy ervaar spoedig opgelos moet word. Moet nooit dink dat 'n probleem te nietig of onbelangrik is nie. Dikwels ignoreer studente 'n probleem of stel hulle die aanspreek van die probleem uit tot die einde van die jaar en dan is dit meestal nie meer moontlik om op daardie laat stadium hulp te verleen nie. Indien daar 'n situasie is wat 'n nadelige uitwerking op jou studies het, vra ons jou om dringend in verbinding te tree met een van die onderstaande personeellede, soos hier gelys.

KONTAK ONS

- Kontak jou module se dosent met enige akademiese probleem.
- Die VKP-Koördineerder - Dr. Mouton (marnel@sun.ac.za).
- Studente kan ook die ondersteuningspersoneel van hulle spesifieke fakulteit kontak vir fakulteit-spesifieke navrae:
 - Agriwetenskappe: Dr N Brown (nbro@sun.ac.za)
 - Ingenieurswese: Me. N White (natalies@sun.ac.za)
 - Natuurwetenskappe: Me. A Valentyn (aatika@sun.ac.za)